GrysKrag GreyPower

Nuusbrief

Newsletter

Nov/Des /Jan

Nov/Dec /Jan

2015-2016

Volume 3, No. 7

INSIDE THIS ISSUE:

Help make Christmas memorable	1
Suid-Afrikaners reis steeds graag.	1
Tasbare leierskapboek	2
GrysKrag vier twintig jaar met dinee	2
Wolktegnologie in Suid-Afrika	2
Get rewarded at our partners this Christmas	3
Smart ID fee waived for pensioners	3
Karsiek ... seesiek ... lugsiek	3
Chanette Paul Offerlam	4

HELP MAKE CHRISTMAS MEMORABLE

Help make Christmas happy and memorable for the older people in your life.

The built up to Christmas can be overwhelming for some. Offering to lend a hand writing letters or e-mails to friends and family is a great way to help the older person feel connected to those who live for away.

Lending a hand with their Christmas shopping, by running errands, takes some of the pressure off and bringing them out to do some Christmas shopping. It also gives the older person an opportunity to enjoy the festive atmosphere. Just pace your outing, stop for a coffee and don't do to much.

Loneliness is one of the biggest issues for older people year around, but Christmas throws up opportunities to ensure that they have plenty of company.

Include them in anything from a family get-together to those quieter times, simply lounging around reading papers or watching a family favorite movie.

Spending time cooking a special meal can foster a sense of wellbeing. Baking treats together can be as much fun as eating them afterward.

Attending a carol singing event or simply listening to Christmas tunes help to lift their spirits.

Sharing past memories and looking at old photographs helps the older person feel loved, and demonstrates your interest in who they are and the life they have lived.

Strolling slowly around your garden is a good way to keep the blues away, if the older person is still able to walk and weather permits.

So if you are planning a celebration at Christmas or New Year, try to include older people in your life and celebrate another New Year together.

SUID-AFRIKANERS REIS STEEDS GRAAG-AL IS DIE RAND SWAK

Met die rand op rekordlae vlakke en 'n flou plaaslike ekonomie waarin indiensname feitlik gladnie groei nie, wie het nog geld om oorsee vakansie te gaan hou?

Volgens plaaslike reisagentskappe gaan Suid-Afrikaners egter steeds oorsee - hulle kies nou net meer bekostigbare bestemmings.

Reisagente sê Suid-Afrikaners is lief vir strande van eilande in die Indiese Oseaan, veral Mauritius.

Zanzibar en lande in Suid-oos-Asië, soos Thailand en Viëtnam, word ook gewilder. Die koopkrag van die rand is groter by dié bestemmings en duur visums is ook nie nodig nie.

Volgens Sean Hough van Pentravel het die rand 'n negatiewe invloed op die verkope van Europese reise. In die geval van Brittanje is 'n duur visum ook nodig.

Daar is tans 'n groeiende tendens van verskeie korter vakansies regdeur die jaar en vakansies by kinders wat in die buiteland woon.

Sake Rapport: 13/12/15

TASBARE LEIERSKAPBOEK

Carinna Krantz, prof Marius Ungerer en dr William Rowland

Terwyl Carinna Krantz met gesiggestremde senior sakeleiers gewerk het vir die praktiese komponent van haar MPhil studies by die Universiteit van Stellenbosch het sy ‘n behoefte geïdentifiseer dat gesiggestremdes dit moeilik vind om toegang tot boeke oor bestuur en leierskap te kry.

Dit het daartoe gelei dat sy die medeskrywer van *Leadership for all* , prof Ungerer, genader het om toestemming te kry om die boek in braille te vertaal.

Intussen het Krantz by KnowRes Publishers die regte bekom om ‘n klankweergawe van die boek op ‘n aanlynbiblioteek internasionaal beskikbaar te stel. Dit bly egter die eiendom van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir blindes in Grahamstad.

Dr William Rowland, erepresident van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, wat gasspreker was tydens die bekendstelling het gesê: “Ek het al baie akademiese boeke in braille gelees, maar nog nooit ‘n boek oor besigheid nie. Met dié dat dit die tyd is vir motivering en selfverbetering is dit reg en van toepassing dat hierdie spesifieke boek oor leierskap meer toeganklik gemaak is”

Krantz het afgesluit deur te bevestig dat haar navorsing daarop dui dat daar nie braille-boeke beskikbaar is in die dissipline van bestuurswetenskappe nie.

GRYSKRAG VIER TWINTIG JAAR MET DINEE



Prof Marinus Wiechers

Op 11 November vanjaar het GrysKrag ‘n dinee aangebied om sy twintigste bstaansjaar gesellig te vier. Dit het plaasgevind by die bekende Union Caterers se onthaalsentrum in die Ooste van Pretoria.

‘n Interessante groep vriende en lede van GrysKrag het die feestelike aand saamgevier. Verskillende sektore soos die sakesektor, welsynswêreld, gemeenskapsleiers en bestuurslui uit die seniorsgemeenskap het die besondere geleentheid bygewoon. Lekker vrienskapsbande wat oor twintig jaar heen al bestaan is opnuut bevestig.

Die gasspreker tydens die geleentheid was prof Marinus Wiechers, voormalige rektor van Unisa. As grondwetlike kenner was prof Wiechers twintig jaar gelede betrokke by die opstel van die eerste grondwet van GrysKrag.

Die gaskunstenaar was die bekende tenoor Dewald von Solms.

Bykans honderd gaste het tot laat die aand vrolik en feestelik saamgekuier!

WOLKTEGNOLOGIE IN SUID-AFRIKA



Wolkbedieners

Die wêreld waarin ons leef, het die laaste dekade aansienlik verander. Slimtegnologie soos slimfone en tablette sorg dat ons nou oral en altyd toegang tot die internet het.

Die middelpunt van al hierdie verandering is die wolk. Sonder aansluiting by die een of ander wolkbediener, kan slimtegnologie nie bestaan nie. Wolktegnologie skep ‘n platvorm vir ‘n magdom tegnologiese vernuwings. Wolkverwerking is ‘n groeiende neiging in Suid-Afrika. Dit is veral datasentrums wat aansienlik groei. Organisasies soek toenemend aanlyn bergplek vir ou dokumente. Die wolk gee die gebruiker veilige toegang tot hul data waar hulle ook al is.

Suid-Afrikaanse maatskappye en organisasies was van die eerstes wêreldwyd wat die sakesin gesien het om wolkgeskoeide dienste uit te kontrakteer aan spesialisverskaffers.

Uiteenlopende dienste soos data-ontleding, webtoepassings en webverwerkings word deur spesialismaatskappye soos Amazon Web Services gelewer.

GET REWARDED AT OUR PARTNERS THIS CHRISTMAS

Get rewarded this Christmas season with the GreyPower/My Bonus loy-alty card.

GreyPower/My Bonus rewards you when you shop at any of our partners this festive season.

Stock up on your holiday necessities by visiting your nearest Van Heerden Pharmacy and earn double points until the end of December 2015 by swiping your GreyPower/My Bonus card with all your purchases.

Visit the newest in the line of partners - be sure to pop in to People's Pharmacy in Shop 2-4, Bamboo Lane, Pinetown, KZN.

Watch this space in GreyPower's next News Letter for many new partners who will be joining in 2016.

But don't just swipe - REDEEM.

Redeem your points at any participating partner (www.mybonus.co.za) or go to www.The Bonus Shop.co.za for fantastic specials on exiting products such as laptops, TVs, Russel Hobbs juice makers, electric food slicers, grillers and much much more!

Still not sure? Call the Service Centre at 012 843 5660 for any information.

Your points are just one click....one phone call.... or one swipe away.

MyBonus/Greypower Loyalty card

SMART ID FEE WAIVED FOR PENSIONERS

Home Affairs minister Naledi Pandor announced that pensioners will be receiving their first smart ID cards free of charge.

Addressing the media at a briefing in Pretoria, Pandor said the Department of Home Affairs (DHA) has reached an agreement with National Treasury that the R140 smart ID application fee will be waived for pensioners aged 60 and older.

DHA has confirmed that the implementation of the smart ID card for all citizens will cost taxpayers R5.3 billion.

The cards will be issued free to 16-year-olds who are first-time applicants, while all other applicants will be expected to pay R140.

Last month, Pandor was slammed for being "out-of-touch" by expecting poor South Africans to pay R140 to apply for a new smart ID card, as R140 is literally the difference between survival and starvation for thousands of South Africans.

Pandor also announced that smart ID cards will soon be rolled out to citizens with disabilities.

In October 2015, SA won an award for the best designed smart ID card for 2014 during the Asia, Middle East and Africa High Security Printing Conference, held in Bangkok. Roll-out of the smart IDs will take six to eight years to complete.

Home Affairs minister Naledi Pandor

KARSIEK . . . SEESIEK . . . LUGSIEK

Goed 80% van ons mense (veral ouer persone) is in 'n minder of meerdere mate vir rysiekte vatbaar. Jy ry doodluiters in 'n motor, skip of vliegtuig, en met verdrag sak daar 'n ondraaglike en onheilige naarheid op jou toe.

Maar presies wat is rysiekte? 'n mens se oë en die vloeistof in jou binne-oor werk normaalweg saam om jou liggaamshouding en die ervaring van beweging oor te dra bv. Wanneer jy 'n boek lees terwyl jy in 'n motor ry. Hoewel jou oë weinig beweging waarneem word dit steeds deur jou binne-oor ervaar. Dit verwar jou brein en laat jou naar voel.

Beproefde wenke:

- Sit waar die beweging die minste is bv. op die voorste sitplek en kyk reguit vorentoe.

- As jy vlieg, kry 'n venstersitplek langs een van die vlerke.

- Indien jy op 'n skip is kry 'n binnekajuit in die middel van die skip.

- Vermy alkohol , rook en vetterige kosse. Eet kraakbeskuitjies terwyl jy ry of vra jou apteker vir medikasie.

Address
2de Vloer/2nd Floor
318 The Hillside
Lynnwood, PRETORIA

Phone
(012) 348 - 3087
Fax:
(012) 348 - 5644
E-mail
GreyPower
plus50@plus50.co.za
Editor
Martie Squier at:
info@gryskrag.co.za

GreyPower as an Association

GreyPower is a country-wide non-profit organisation that was founded in 1995. It is a service and goodwill association for persons of fifty years and older as well as for those who are unemployed due to early retirement.

Vision and Mission

The vision of GreyPower is to actively promote and develop the dignity, quality of life and social security of its members in order to enable them to continue functioning as participating responsible and active members of their communities.

The mission of GreyPower is to keep its members informed about developments that affect their interests and to support them through specialized information and guidance to enable them to handle their personal interests effectively.

WOULD YOU LIKE TO JOIN GREYPOWER? CONTACT US NOW!

BOEKAANKONDIGING

Offerlam
Chanette Paul

Titel: Offerlam

Outeur: Chanette Paul

Prys: R240

Datum: Desember 2015

Uitgewer: Lapa

Resensie: Met *Offerlam* het Paul 'n gróót storie aangepak, wat strek oor drie generasies en drie lande –Suid-Afrika, België en die Kongo, soos dit toe geheet het.

Caz Colijn, 'n Kaapse vertaler kry 'n oproep van haar vervreemde suster wat haar meedeel dat hul bejaarde ma, van wie Caz ook vervreem is, sterwend is, en Caz dringend wil sien. Daarvoor moet Caz België toe gaan.

Daar wag sommer 'n klomp onaangename verrassings op Caz in België en ou wonde word oopgekrap.... Caz kry egter ook die kans om haar ware herkoms na te speur en te probeer uitvind hoekom haar dogter so 'n eksotiese voorkoms het. Dit verklaar baie dinge waarmee Caz haar lewe lank sukkel om mee vrede te maak.Deur 'n sameloop van omstandighede word Caz van moord verdink en moet sy vlug vir haar lewe en moet sy 'n raaisel ontrafel wat in 1961 in die Kongo begin en voortduur in hedendaagse België én haar volg na Suid-Afrika.

'n Groot lekkerte van *Offerlam* is die reis deur België waarop Paul die leser neem. Sy beskryf dit so goed dat dit voel asof die leser self sy pad moes vind in mooi en soms neerdrukkende plekke.

Sentraal tot die storie is is die sg. Nkisi, handgekerfde houtbeelde wat twee Kongolese mans in België soek en Caz se lewe in chaos dompel.

'n Groot bonus is dat die avontuur nie ophou na 508 bladsye nie. *Offerlam* is die eerste van 'n tweeluik oor Caz Colijn se soektog na die waarheid oor haar verlede.